**KERKLIKE TUG**
**Deur Isak Burger**

**Wat van Kerklike tug?**

Kerklike tug word beskou as een van die merktekens (kenmerke) van die ware kerk. Alhoewel almal tug dalk nie só belangrik ag nie, is tug beslis nodig vir die welwese van die kerk. Dit is 'n illusie om te dink dat enige kerk nooit met die hartseer en vernietigende mag van sonde in sy eie geledere te doen sal kry nie. Om nie die voortgang van sodanige sonde te stuit nie, beteken dat ons stilswyende medewerkers daarvan geword het.

Dit moet vir ons duidelik wees: Sonde noodsaak tug. Sonde is 'n vergryp aan God en Sy heiligheid. Sonde was die rede waarom Jesus 'n wrede dood aan die vloekhout moes sterf. Daarom kan die kerk nie maar die kop wegdraai en sonde sy gang laat gaan nie. Genade en liefde beteken nie dat ons maar oë toeknyp en sonde verdra nie - dit is permissiwiteit. Die Bybel praat in dieselfde asem van liefde en tug (Heb. 12:6). Om tug agterweë te laat, is eintlik 'n teken van gebrek aan ware liefde.

Die Kerk van Jesus is in sy wese 'n lewende organisme. Enige lewende organisme beskik oor 'n meganisme om homself te reinig - met ander woorde om die onsuiwerhede en gifstowwe in sy sisteem af of uit te skei. Dink aan die menslike liggaam, of dink aan die voorbeeld van die see. Die see is gedurig besig om homself te suiwer en te reinig. Die Kerk van Jesus is ook 'n self-reinigende organisme. Enige lewende organisme wat ophou om homself te suiwer en die afvalstowwe en gifstowwe uit te skei, word siek en gaan uiteindelik dood. Hierdie selfde beginsel is ook waar van die Kerk.

Daar is oorvloedige voorbeelde en bewyse in die Skrif oor die kwessie van dissipline en tug. Weliswaar lyk die prentjie in die Nuwe Testament anders as in die Ou Testament. In die Ou Testament waar staat en "kerk" onder 'n teokrasie verenig was en wat nog nie onder die genadeverbond geval het nie, het tug ook die mag van die swaard, met ander woorde, die doodstraf, ingesluit. Sekere oortredings was bv. met steniging strafbaar. In die Nuwe Testament vind ons dat die mag van die swaard nie aan die Kerk gegee is nie, maar wel aan die staat (Rom. 13:4).

Die gesag van die kerk is 'n geestelike gesag. Die kerk het nie die mag om oortreders te boei, in die tronk te sit of met die dood te straf nie. Daardie mag het God aan 'n ander dienskneg, die owerheid, toegeken. Die ergste vorm van kerklike tug wat daar is, is om 'n onberouvolle en hardkoppige oortreder van die kerk af te sny.

Dit is ongelukkig 'n feit dat tug nie op almal in die kerk konsekwent toegepas word nie. Daarmee bedoel ek veral dat tug hoofsaaklik ten opsigte van pastore en nie van lidmate uitgeoefen word nie. Natuurlik is hulle wat voorloop meer onder die vergrootglas en probeer die kerk met verantwoordelikheid, billikheid en regverdigheid die dissiplinering van pastore toepas. Een probleem is egter dat daar in die meeste van ons gemeentes selde van tug sprake is. Sommige mense se

lewens is dikwels 'n verleentheid vir die kerk en vir die Naam van die Here, maar hulle word oogluikend toegelaat om met 'n sondige lewensstyl te volhard. So 'n toedrag van sake is nie tot eer van die Here nie en nie tot heil van die kerk nie. Ten diepste is dit ook 'n bewys dat ons nie regtig vir mekaar omgee nie. Hierdie toedrag van sake word vererger deurdat verskillende gemeentes en kerke nie altyd navraag doen oor nuwe lidmate nie en soms oneties optree deur nie mekaar se tug te respekteer nie.

As ons in alle opsigte die liggaam van die Here gesond en gelukkig wil sien, sal ons die nodige stappe teen siekte (sonde) in die liggaam moet neem! Liefde en sorg vir die liggaam noodsaak dit.

Wanneer ons oor kerklike dissipline praat, dink ons gewoonlik aan dinge soos sensuur of afsnyding van die kerk. Alhoewel dit soms nodig word om sulke drastiese stappe te neem, is dit nie al waaruit kerklike tug bestaan nie. Dit begin alreeds deur die verkondiging van die Woord. Dink net hoe dikwels Jesus tydens Sy bediening en prediking mense tereggewys, geleer en vermaan het.

Wanneer die Woord in die kerk reg en suiwer verkondig word, is dit ook nodig en onvermydelik dat gelowiges soms opgeroep word tot berou, tot inkeer, tot aflegging en vermyding van sondes. Ja, ons word ook soms vermaan en tereggewys deur die prediking. Dieselfde kan ook gebeur deur die gawes van profesie en 'n woord van kennis. Hierdie is ook maniere waardeur die kerk gesuiwer word net soos wat die menslike liggaam maniere het om homself te suiwer en te reinig.

Hiermee bedoel ek nie dat die kansel of "profesie" misbruik moet word om persoonlike vetes te besleg en mense by te kom terwyl hulle nie die geleentheid het om terug te praat nie. Alhoewel 'n pastoor soms in die versoeking gestel word om oor sy eie frustrasie, teleurstelling en ongelukkigheid keel skoon te maak vanaf die kansel, moet dit sover as moontlik vermy word aangesien die onskuldiges dan moet deurloop saam met die skuldiges - wat dikwels nie eers in die kerk is nie.

Met vermanende prediking bedoel ek ook nie wettiese, veroordelende prediking nie. Partykeer dink ons nogal dat iemand baie geestelik is wanneer daar links en regs met die sweep ingeklim word. Dit is egter dikwels 'n simptoom van iemand wat met sekere probleme in sy eie lewe worstel.

Inderdaad sal suiwer evangelie-prediking ook vermaning en teregwysing oor sonde en dwaling inhou. Dink aan die woorde van Paulus in 2 Tim. 3:16 en 17: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". Dit is waar dissipline en suiwerheid in die kerk begin.

Kerklike dissipline vind egter ook plaas deur pastorale gesprekke en waar een gelowige 'n ander een persoonlik vermaan. Dit kan deur 'n pastoor of ouderling gedoen word of deur 'n gewone gelowige. As ons as gelowiges werklik vir mekaar omgee en in mekaar belangstel, sal hierdie verantwoordelikheid en bediening veel meer tot sy reg kom. Ons is egter dikwels so onwillig om by 'n ander betrokke te raak of ons redeneer dat dit "nie my werk is nie."

As ek sien dat iemand 'n gevaarlike pad loop en dat daar vir hom of haar skade op daardie pad wag, sal ek hom/haar mos waarsku! As ek dit nie doen nie, spreek dit van gebrek aan liefde en sorg.

Hoeveel te meer op ons geestelike pad. Matt. 18:15 - 18 sê uitdruklik dat kerklike tug begin by persoonlike vermaning.

Persoonlike vermaning is nooit maklik of lekker nie - nie vir die een wat vermaan nie en ook nie vir die een wat vermaan word nie. As dit egter in liefde en in opregtheid gedoen word, het dit gewoonlik 'n heilsame uitwerking. Vandag vind jy dikwels dat lidmate nie meer skaam of verleë is oor hulle sondes en verkeerde lewenspraktyke nie, want dit lyk of almal dit maar oogluikend aanvaar. Indien ons egter op mekaar sou let en in liefde vermaan, sal mense twee keer dink voordat hulle sommer die verkeerde doen of sê.

Sommige mag dink dat mense uit mekaar se sake en lewens moet uitbly. As familie van die Here, as mense wat vir mekaar omgee en hemel toe wil gaan, hét ons egter hierdie verantwoordelikheid teenoor mekaar. Op God se vraag aan Kain oor waar sy broer is, het hy hierdie uitlating gemaak: "Is ek my broer se wagter?" As gelowiges ís ons mekaar se wagters. Wanneer ek my oë toedruk vir my broer/suster se sonde en hulle daaroor nie aanspreek nie, faal ek in my verantwoordelikheid teenoor hulle.

In plaas van om mekaar te vermaan, praat ons egter soms agter die persoon se rug met ander persone oor sy/haar sonde. 'n Mens kan dit sommer kortweg "skinder" noem. Daar is geen vraag oor watter een die Bybelse pad is nie - m.a.w. moet ek my broer reguit, maar in liefde oor sy sonde konfronteer, of moet ek agter sy rug met iemand anders daaroor praat?

'n Allerbelangrike aspek van vermaning is dat dit in liefde moet geskied. As dit nie in liefde geskied nie, is dit blote afbrekende en veroordelende kritiek. Die doel van liefdevolle vermaning is om die oortreder van sy verkeerde weg te laat afsien en weer sy verhouding met God reg te stel.

Alhoewel dit ons almal se verantwoordelikheid is om mekaar, waar nodig, in liefde te vermaan, het party mense volgens die Skrif 'n gawe, 'n bediening van vermaning (Rom. 12:8). Dit blyk dat sulke mense 'n medegelowige op so 'n besondere manier kan vermaan dat die persoon dit makliker ter harte neem en nie sommer aanstoot neem nie.

Indien uself by geleentheid vermaan sou word, is dit belangrik om nie jou hart te verhard en jou af te skei van die kerk of gemeente nie. Dit is dikwels die begin van terugval. Onthou dat vermaning nie jou vernietiging ten doel het nie, maar jou redding en behoud. So word die kerk soos die see wat gedurig die onsuiwere en vuil dinge uit sy eie boesem uitskei en wegwerp.

Ek wil jou oproep om jou verantwoordelikheid in hierdie opsig op te neem en in liefde ag te gee op jou wandel en op dié van jou broers en susters!

**Die doel van Kerklike tug**

Tug in die kerk is ongelukkig 'n noodsaaklikheid, omdat sonde in die kerk 'n werklikheid is. Sonde wat maar net toegelaat word, het dieselfde effek as kanker of gangreen in die liggaam.

Daar is veral drie redes waarom kerklike tug noodsaaklik is en waarom dit beskou word as 'n kenmerk van die ware kerk. Die hoogste doel van tug en trouens van enige kerklike handeling, is

**die eer van God.** Sonde het die teenoorgestelde effek. Sonde, alle sonde, tas die eer van God aan, bring oneer en skande oor die naam van die Here. God is heilig en sonde is die teenoorgestelde daarvan.

Terwyl dit waar is van enige sonde, is dit nog te meer so as dit voorkom by mense wat van beter behoort te weet - kerkmense, christene, mense wat bely dat die Here in hulle lewe is. Die effek daarvan is nog erger indien die persoon 'n leiersfiguur in die kerk is. Die verantwoordelikheid om sonde te beveg en daarteen te stry, word groter soos wat jou posisie en aansien in die kerk toeneem. Van voorgangers word nog hoër standaarde verwag word as van die wat volg.

As sonde oneer aan God bring, is dit nog meer so indien daar in die sonde volhard word en dit in die kerk maar oogluikend toegelaat word. Dit kán nie en mág nie. Terwyl ons altyd die liefde van Christus teenoor die oortreder moet openbaar, is dit tot eer van God as die sonde teëgestaan en veroordeel word. Liefdevolle kerklike tug is tot eer van God. Tug moet altyd deur die kerk só uitgeoefen word dat hierdie belangrike doelwit nie uit die oog verloor word nie.

Tug het tweedens ten doel **die heil van die gemeente.** Vergelyk dit met die mens se liggaam. Enige infeksie, kiem of virus wat nie deur of in die liggaam bestry word nie, bring siekte, agteruitgang en selfs die dood. Dieselfde beginsel geld in enige lewende organisme - ook die liggam van Christus. Behandeling van die liggaam, medikasie of 'n operasie, is nie lekker nie, maar is nodig vir die genesing en welsyn van die liggaam.

Kerklike tug word in die Bybel voorgeskryf as behandeling in die liggaam van die Here, waar dit bedreig word deur 'n "sonde-kiem" of "sonde-virus". Dit is nooit aangenaam nie, maar dit is tot heil van die gemeente. Tug moet ook altyd so toegepas word dat hierdie doelwit gedien word.

Indien hierdie tug-"behandeling" nie toegepas word nie, is die gevolge gewoonlik nadelig vir die gemeente. Die Skrif sê: "'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur." Ons het dikwels gesien dat indien sondige praktyke of handelinge nie teëgestaan en verwerp word nie, andere in die gemeente spoedig daardeur "aangesteek" word - veral as dit voorgangers is wat ter sprake is. Onuitgesproke of nie, is die redenasie dan gewoonlik: "As hy/sy dit kan of mag doen, is dit seker nie so verkeerd nie, dan mag ek dit ook mos maar doen". Miskien verstaan u nou beter as ek sê dat Bybelse tug belangrik is vir die heil en voordeel van die gemeente.

Die derde doel van kerklike tug, is **die redding, herstel en behoud van die oortreder.** Indien my kind met moedswillige en kwaadwillige handelinge besig is, wat homself en ander benadeel en ek geen vorm van tug toepas nie en dit maar oogluikend toelaat, spreek dit van onverantwoordelikheid en liefdeloosheid teenoor my kind. Ek tug nie my kind om hom te vernietig nie, maar om hom te help, te herstel en op die regte pad te kry.

Dieselfde beginsel geld ten opsigte van die oortreder in die familie van die Here. Alhoewel die Here ons somtyds self ook in Sy liefde kan tug, gebruik die Here ook kerklike tug. Laat ons dit egter duidelik sê dat kerklike tug nie in die eerste plek "straf" is nie. Jesus het die straf wat vir ons die vrede bring, op Hom geneem. Tug is nie straf nie, dit is 'n **uiterste vorm van liefde**. Dit is **gestrenge liefde**. Dit is liefde wat desperaat wil keer dat die oortreder deur sy sonde ingesluk en op sy pad van

selfvernietiging meegevoer word, dat oneer oor die naam van die Here gebring word en dat die gemeente as mense sonder waardes bestempel word en deur die suurdeeg van sonde deurtrek is.

Die kerk mag hierdie doelwit nooit vergeet nie en daar moet altyd gepoog word om die tug só te beoefen dat die oortreder ten spyte van sy sonde nie net met die gestrengheid van God nie, maar ook met Sy liefde gekonfronteer word. Daar moet altyd gepoog word om te verhinder dat so 'n persoon vervreemd word en uiteindelik van God en die genade verval. Kerklike tug is inderwaarheid die dringendste en mees drastiese maatreël om dit te verhinder. Daarom moet daar ten spyte van die oortreding en te midde van die tug steeds na so 'n persoon in liefde uitgereik word.

Om hieraan uitvoering te gee, is nie altyd maklik nie en ons faal dikwels hierin. Dit word dikwels verder bemoeilik omdat die oortreder soms onberouvol is en homself probeer verskoon en verontskuldig totdat hy later feitlik die rol van 'n martelaar speel en hy/sy as die slagoffer gesien word terwyl die kerk dan as't ware in die beskuldigde-bank geplaas word. Soms vind daar ook verharding van hart en verwydering van die kerk plaas wat die doel van die tug in so 'n persoon se lewe verydel. Dit is 'n tragedie.

Ten spyte hiervan mag die tug nie nagelaat word nie en indien daarin geslaag kan word om die oortreder te herstel en te behou, was die tug volkome en geslaagd.

Selfs al sou die derde doelwit verydel word, moet tug steeds in liefde en regverdigheid toegepas word ter wille van die eer van God en die heil van die gemeente.

**Wanneer moet tug plaasvind?**

'n Vraag wat van wesenlike belang is, is wanneer is tug geregverdig? Met ander woorde, wanneer is 'n oortreding tugwaardig? Dit is belangrik dat daar sekere beginsels is waarvolgens opgetree moet word, anders kan tug lukraak toegepas word.

In die eerste plek is dit logies dat daar sonde moet wees. Tug word genoodsaak deur sonde. Alhoewel verskillende soorte sonde van watter aard of graad ookal, steeds sonde in die oë van die Here is, moet die tipe sonde en die gevolge van die sonde duidelik omskryf word voordat daar van tug sprake is. Elke sonde is nie kerklik tugwaardig nie.

Weliswaar is alle sonde verkeerd, bedroef dit die Heilige Gees en bring ons daardeur oneer aan Sy naam. Dit is ook so dat die Heilige Gees, ons gewete, die Woord en soms ook 'n mede-gelowige ons oor ons sonde kan vermaan of aanspreek. Dit is ook 'n vorm van geestelike/kerklike dissipline. Daar is egter ook ander dinge ter sprake voordat daar amptelike kerklike optrede kan wees.

Die kwalifikasie vir tugwaardige sondes is eerstens dat dit 'n sonde moet wees wat **aanstoot** gee, veel **ergernis** en algemene **ongelukkigheid** veroorsaak. Alhoewel ons seker kan sê dat "sonde is sonde", is dit tog so dat sekere sondes veel meer skade doen as ander; die gevolge daarvan is verreikender en meer negatief en dit beïnvloed meer mense as ander.

Laat ek 'n voorbeeld noem; Dit kan byvoorbeeld as 'n sonde beskou word as ek aan 'n nadelige

gewoonte verslaaf is wat my liggaam as tempel van die Here skade aandoen soos om te rook, oormatig koffie te drink of brassery te pleeg. Die gevolge daarvan vir die breër gemeenskap van gelowiges sal egter nie so nadelig en afbrekend wees en soveel onrus en ontsteltenis bring soos bv. owerspel, kindermolestering of bedrog nie.

Of 'n spesifieke sonde onrus en ongelukkigheid veroorsaak het, sal ook bepaal word deur die mate waarin die sonde bekend geword het. Dit kan wees dat iemand 'n erge sonde gepleeg het, maar dat dit onbekend is by enige iemand en dit dus geen onrus of ergernis veroorsaak nie. Indien so 'n persoon boonop ware berou daaroor het en dit by 'n verantwoordelike en betroubare persoon kom bely en dit laat staan, is dit in baie gevalle nie nodig om publiek te gaan daarmee nie. Daar kan soms met so 'n persoon persoonlik ooreengekom word om hom/haarself te onttrek van hoë profiel-verantwoordelikhede en vir 'n wyle 'n bietjie "laag te lê". Die probleem is egter wanneer selfs net enkele ander persone van die sonde weet, dit dikwels nie moontlik is om hierdie pad te loop nie, aangesien sulke stories al te vinnig kan versprei - veral as daar iemand betrokke is met bitterheid of wraakgedagtes.

'n Laaste faktor wat ook in berekening gebring moet word wanneer tugstappe oorweeg word, is die vraag of daar in die sonde volhard word en of daar met ware berou daarvan afgesien is. Indien 'n persoon 'n erge sonde gepleeg het wat groot ongelukkigheid in die gemeente veroorsaak en hy/sy boonop berouloos daarin volhard, is daar gewoonlik geen ander uitweg as kerklike tug nie.

Onthou dat tug eintlik "gestrenge liefde" of die "uiterste vorm van liefde" behoort te wees. Daarom moet volhardende sonde met tug begroet word. Waar daar egter ware berou en versaking van die sonde is, kan die aard en duur van kerklike tug daardeur beïnvloed te word.

Saamgevat - kerklike tug is onvermydelik wanneer daar (1) 'n erge sonde gepleeg word (2) dit ergernis en ongelukkigheid in die gemeente veroorsaak en (3) meer nog so wanneer daar in so 'n sondige gedragspatroon volhard word. Met hierdie riglyne in gedagte moet elke gemeente en kerk met groot erns en sensitiwiteit die mag en invloed van die sonde in sy geledere teëstaan.

**Wanneer is tug afgehandel?**

Wanneer 'n drastiese stap soos kerklike sensuur ter sprake is, kom die vraag: Op watter stadium kan sensuur opgehef word, of dan: Wanneer is die doel van kerklike tug bereik?

Die onmiddellike respons hierop is gewoonlik: sodra die oortreder berou het en om vergifnis gevra het. Moet die sensuur in so 'n geval dan opgehef word? Natuurlik is dit wonderlik indien die oortreder tot inkeer kom, met ware berou om vergifnis vra, en natuurlik ophou met die sonde. Inderdaad het die tug dan **sover as wat dit die oortreder** aangaan in sy doel geslaag. Beteken dit dan nie dat die kerklike tug onmiddellik opgehef moet word nie? Waarom hou die dissiplinêre proses of sensuur-tydperk dan nog aan, selfs as 'n persoon berou het en deur die Here vergewe is?

Op hierdie punt is dit belangrik om 'n paar dinge te verduidelik. Dit is waar dat die bekering, herstel en behoud van die oortreder 'n belangrike doelwit van kerklike tug is. Wanneer dit gebeur, moet ons die Here dank en die broer/suster opnuut toevou in ons liefde. Ons moet egter ook onthou dat die

behoud van die oortreder nie die enigste doelwit van die kerklike tug is nie. Dit gaan oor meer as net die berou en behoud van die oortreder - so belangrik as wat dit mag wees.

Daar is twee verdere vrae wat gevra moet word: Is dit tot voordeel en heil van die gemeente/kerk indien die tug dadelik opgehef word? Met ander woorde, het die stof in die gemeente genoegsaam gaan lê? Dan moet daar natuurlik ook gevra word watter handeling werklik die eer van die Here die beste gaan dien.

Dit gebeur dikwels dat die oortreder spoedig en waarlik berou het. Somtyds is die skade en teleurstelling in die gemeente en die werk van die Here so groot dat dit beter is om die sensuur-tydperk sy volle loop te laat gaan. Dit beteken nie dat ons die oortreder nie vergewe het nie - net dat dit vir almal wat deur die sonde en die gevolge daarvan geraak is, die beste is.

In dié verband is dit ook nodig om te verwys na die verband tussen tug en vergifnis. Baie Christene dink dat tug of sensuur beteken dat die kerk nie vergewe het nie. Jy hoor dan stellings soos die volgende: As hy/sy gesondig het, berou het en deur die Here vergewe is, hoekom wil die kerk hom/haar nie vergewe nie?

Tug en dissipline gaan om méér as bloot vergifnis. Natuurlik moet ons iemand vergewe wat met ware berou om vergifnis vra. As die Here iemand vergewe het, het ons geen ander opsie as om ook te vergewe nie. Dit moet ons ook altyd doen. Die feit dat iemand deur die Here en die kerk vergewe is, beteken egter nie dat iemand weer die kerk en die gemeenskap se vertroue het en dat sy getuienis weer herstel is nie! Vergifnis kan in 'n oomblik plaasvind, maar vertroue neem tyd om te herstel.

Juis dít is die rede waarom die tydperk van tug soms voortduur selfs nadat daar berou en vergifnis is. Dit gee die persoon wat gesondig het en wat teleurstelling en skade veroorsaak het, 'n tyd om in onderworpenheid en ootmoed weer 'n geleentheid te kry om sy getuienis te herstel, om die vertrouensbreuk weer te laat genees en enige onsekerheid oor die egtheid van sy berou en herstel deur sy lewe uit die weg te ruim. So word die eer van God gedien, die heil van die gemeente voorop gestel en die gevalle persoon weer 'n kans gegee om herstel te word in die liggaam van Christus.

Wat gebeur egter met die persoon wat gesondig het en weier om sy sonde te bely en te laat staan? Hierdie verharding van hart kom ongelukkig somtyds voor. Indien 'n persoon al die verskillende stappe van dissipline soos in Mat. 18:15-17 minag, het hy liefde in sy uiterste vorm verwerp. Dan bly daar geen ander optrede oor as om so 'n persoon van die gemeente en die kerk af te sny - m.a.w. te ekskommunikeer - nie. Mat. 18:17 sê: "laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar". Paulus gebruik in sy briewe selfs nog sterker terme wanneer hy vir die gemeente vertel wat om met so 'n volhardende oortreder te doen.

Dit mag na radikale terapie klink. Terwille van die heil en die geestelike welstand van die gemeente is dit egter nodig. Indien my voet gangreen het, kan ek dit nie onbepaald jammerkry en vertroetel nie. As daar nie genesing wil kom nie, kom daar 'n punt dat my voet geamputeer moet word, anders word my hele liggam benadeel en kan selfs die dood intree.

Net so kan daar 'n tyd kom dat die oortreder wat hom nie bekeer nie en nie wil toelaat dat die Here hom genees en herstel nie, van die liggaam (die kerk) afgesny moet word terwille van die heil en die welstand van die kerk. **Daarom moet ons in die kerklike tug na meer as net die sondaar/die oortreder kyk - ons moet ook na die heil van die gemeente en na die eer van God kyk.**

Mag dit nooit gebeur dat u en ek die voorwerp van kerklike tug word nie. Indien dit wel gebeur, moet dan nie die kerk onder verdenking en diskrediet probeer bring en uself probeer verskoon nie. Dis myns insiens een van die laakbaarste dinge om te doen. Erken en bely eerder jou sonde, soek die vergifnis van die Here en die kerk en onderwerp u om 'n pad van herstel en genesing te loop. Dis alleenlik só dat u vry sal word en waarlik herstel kan word. Ps. 51:19 sê: "'n Gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!" Berou lei die pad na herstel in!

**DISSIPLINE T.O.V. PASTORE**

Dieselfde basiese kerkregtelike beginsels wat hierbo genoem is, is natuurlik ook van toepassing op pastore. Hopelik stem jy saam met hierdie beginsels van kerklike tug soos wat ek dit hierbo beskryf het.

Terwyl ons altyd moet onthou dat pastore/predikante ook mense is, is die teleurstelling en effek wanneer 'n geestelike leier val (veral t.o.v. moraliteit en integriteit), net soveel groter.

In die lig van dit alles wat ek hierbo gesê het, wil ek nou graag uit my hart met jou as kollega praat.

Ons weet dat groot manne en vroue van God in die geskiedenis al in erge sondes geval het. Ons is almal lief om die voorbeeld van Dawid aan te haal. Miskien praat ons te min oor Josef, wat nié vir die versoeking geval het nie. Miskien is Dawid se geval vir ons te dikwels 'n verskoning en regverdiging - eerder as dat Josef se voorbeeld ons ideaal en strewe word.

Ons het meer as 2000 pastore en gemeenteleiers in ons kerk. 'n Mens kan jou daaraan troos dat in vergelyking daarmee, die getal pastore wat jaarliks "val" relatief klein is. Ek glo ook dat die meeste van ons pastore mense is wat ernstig en opreg is met die Here en 'n hoë premie daarop plaas om Hom nie teleur te stel en te faal nie.

Tog raak ek bekommerd. Ek kry die idee dat daar proporsioneel al méér pastore is wat in tugwaardige sondes val. Dit is so dat ons in 'n wêreld leef wat toenemend promisku raak en waar daar al minder morele waardes is. Dit blyk dat hierdie "tydsgees" al hoe meer 'n invloed op die kerk en ook die pastoraat het en dat ons begin "mak" raak vir sonde. Het ons vergeet dat dit ons sonde is wat Jesus die wrede dood aan die kruis laat sterf het? In die lig van Sy lyding wil dit hier binne in my breek as ek dink aan hoe ons as pastore soms die keuse maak om te sondig, om met geld of met vroue of met die waarheid op 'n onbehoorlike wyse om te gaan. Haat ons sonde genoeg? Is die vrees van die Here nog 'n faktor? As ek soms verneem van die dinge wat party pastore aangevang het, wonder ek waar is die vrees van die Here wat ons moet laat terugdeins van sonde en boosheid!?

Ek weet dis genade as 'n mens die bedieningspad ongeskonde voltooi. Maar is dit regtig nét genade - soos wat ons dikwels al te vroom sê? Waar kom my eie wil as 'n vrye morele wese in? Indien ek dan

wél val, is dit omdat ek nie genade ontvang het nie, of kan dit wees dat ek sekere verkeerde keuses gemaak het, dat ek die sonde wat vir my gelê en loer het, nie vermy het nie?

Die hartseer werklikheid is dat pastore wel sondig en val. Oor die jare het ek sulke manne gekry wat met gebrokenheid en berou hulle sonde bely het, wat hulleself a.g.v. dit wat gebeur het eintlik as onwaardig beskou om in die bediening aan te gaan en hulleself byvoorbaat onvoorwaardelik aan die dissipline van die kerk onderwerp het. So 'n mens kan vergewe word en daar is by almal wat met die saak te maak het, groot genade wanneer daar so 'n gesindheid aanwesig is. Dít is ook die persone wat gewoonlik agterna getuig dat die kerklike tug vir hulle terapeutiese waarde gehad het. Ek moet egter eerlik sê dat hierdie gesindheid al minder voor kom.

Hoe vergewe jy iemand wat nie sy sonde wíl erken en bely nie en gedurig "blame-shifting" doen? Wat eers onskuldig pleit en slegs as hy sien dat die waarheid hom inhaal, miskien bietjies-bietjies skuld erken? Hoe gemaak as iemand meer aan sy eie sak dink as aan die eer van die Here en die heil van Sy gemeente? Wat nadat hy op grond van gruwelike sondes skuldig bevind is en sy pastorale status verloor het, willens en wetens appélleer en nog na die CCMA hardloop met groot finansiële eise teen sy voormalige gemeente wat hy alreeds soveel skade aangedoen het deur sy sonde. Moes só 'n persoon ooit in die bediening gewees het?

**[**Op 'n ietwat ander noot - dit word vir my 'n al groter probleem dat daar pastore is onder wie se bediening 'n gemeente feitlik vernietig is, wat weier om die gemeente se belange bo sy eie te stel, maar wat steeds op allerlei finansiële voordele aandring en selfs die sekulêre regstelsel inroep om water uit 'n klip te tap. Daar was selfs al gemeentes wat hulle pastorie of kerkgebou moes verkoop om die pastoor se eise na te kom - dit terwyl hý hulle bankrot geboer het. Dis kompleet soos 'n sportunie wat hulle onsuksesvolle afrigter 'n "golden handshake" moet gee net om van hom ontslae te kan raak. Ek het nog altyd gesê dat my selfrespek en respek vir die kerk van die Here my sal noop om liewer tot my eie skade uit te tree voordat die werk van die Here as gevolg van my skade moet ly. Ek wens dat ons sulke pastore gespaar kon bly. Maar hulle sal eendag voor die Opperherder staan!]

Die tendens is deesdae dat pastore téén verdoemende getuienis in steeds die werklikheid en waarheid ontken, allerhande verskonings soek en dan die kerk beskuldig van onregverdigheid en liefdeloosheid. Ondersoekbeamptes en lede van dissiplinêre komitees wat moeite doen om hulle van die feite te vergewis en seker te maak dat waarheid seëvier, word kwaadwilliglik beswadder en as "pastorejagters" uitgemaak. Dit is hierdie toenemende geneigdheid by die skuldige persone om hulleself as martelare voor te hou, terwyl die kerk as liefdeloos en onvergewendgesind uitgemaak word, wat my meer as die meeste ander dinge ongelukkig maak. In plaas daarvan dat pastore wat wéét dat hulle skuldig is, hulle skuld en sonde met ware berou erken en bely, vertel hulle blatante leuens of ten minste uiters eensydige stories aan hulle familie en simpatiek-gesinde lidmate. Hierdie mense word dan dikwels só eensydiglik teen die kerk opgemaak, dat hulle soms niks meer van die kerk wil weet nie. Ons het met die laaste paar tugsake - wat van die ergste kriminele oortredings ingesluit het, dit telkens gekry dat hierdie pastore sowaar met 'n klomp van hierdie simpatiserende lidmate wegbreek en 'n skeurkerk begin. Ek weet dat mense se simpatie dikwels by die "underdog" lê, maar dit is 'n tyd waar integriteit getoets word.

Waarom sê ek so? Integriteit beteken om "waarheid" te praat en te leef. Dit beteken nie dat 'n mens nooit 'n fout maak of faal nie. Dit beteken egter wel dat ek eerlik is en erken en bely wanneer ek gesondig en gefaal het. Dit is myns insiens juis die grootste toets vir 'n mens se integriteit - om eerlik te wees óók wanneer jy misluk en gefaal het. Toe Dawid met sy sonde gekonfronteer is, het hy dit nie probeer ontken of van Natan ontslae probeer raak nie. Nee, daarvoor was sy vrees vir God te groot. Hy het neergeval en die aangrypende belydenis gedoen wat in Ps. 51 opgeteken is. Daarom kon hy daarna steeds 'n man na die hart van God genoem word - nie omdat hy nooit gesondig het nie, maar omdat hy eerlik was - óók toe hy gesondig het.

My kollega, ek bid dat die Here aan my en jou die genade sal gee om versoekings te weerstaan en sonde te vermy, maar ook dat die vrees van die Here, die liefde vir die bediening, die agting van my familie, my respek vir die kerk van die Here en die waarde van my goeie naam, my en jou van sonde sal weghou.

En indien die verskriklike wel sou gebeur dat ek 'n tugwaardige sonde pleeg, ek dan met berou my sonde sal erken en bely, my aan die tug van die Here en die dissipline van die kerk sal onderwerp en die gevolge daarvan dra - sonder om martelaar of die simpatie-snaar van mense se harte te probeer speel. Of verder nog - dat ek terwille van my eie finansiële voortbestaan die tug van die kerk verwerp en my eie skeurkerk begin. Kan God se seën ooit daarop rus?

Ja, my kollega, kerklike tug het dikwels geweldige implikasies - ook finansieel. Mag die gedagte daaraan by voorbaat - saam met al die ander oorwegings - verhoed dat ek my aan die genot en verleiding van die sonde oorgee. Laat elkeen, voor die tyd, die koste bereken!